Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

## REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

Verkoopprys • Selling price
(AVB uitgesluit/GST excluded)
Plaaslik **50c** Local
Buitelands 70c Other countries
Posvry • Post free

VOL. 273

KAAPSTAD, 30 MAART 1988

CAPE TOWN, 30 MARCH 1988

No. 11215

KANTOOR VAN DIE STAATSPRESIDENT

No. 603. 30 Maart 1988

Hierby word bekend gemaak dat die Staatspresident sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 25 van 1988: Wysigingswet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1988.

STATE PRESIDENT'S OFFICE

No. 603. 30 March 1988

It is hereby notified that the State President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 25 of 1988: National Supplies Procurement Amendment Act, 1988.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



**Wet No. 25, 1988** WYSIGINGSWET OP DIE VERKRYGING VAN LANDSVOORRADE, 1988

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

**[ ]** Woorde in vet druk tussen vierkantige hake dui skrappings uit bestaande verordenings aan.

______ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

---

# WET

**Tot wysiging van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970, ten einde die benamings van die verantwoordelike Minister en Direkteur-generaal te verander; en verdere voorsiening te maak in verband met die bevoegdheid van die Minister om die openbaarmaking van sekere inligting te verbied; en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

*(Afrikaanse teks deur die Staatspresident geteken.)*
*(Goedgekeur op 21 Maart 1988.)*

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Wysiging van artikel 1 van Wet 89 van 1970, soos gewysig deur artikel 1 van Wet 89 van 1974 en artikel 1 van Wet 31 van 1982**

**1.** Artikel 1 van die Wet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1970 (hieronder die Hoofwet genoem), word hierby gewysig deur die omskrywing van "Minister" deur die volgende omskrywing te vervang:

"'Minister' die Minister van **[Nywerheidswese, Handel en Toerisme]** Ekonomiese Sake en Tegnologie;".

**Wysiging van artikel 1A van Wet 89 van 1970, soos ingevoeg deur artikel 2 van Wet 31 van 1982**

**2.** Artikel 1A van die Hoofwet word hierby gewysig deur die uitdrukking "Minister van Nywerheidswese, Handel en Toerisme" oral waar dit voorkom deur die uitdrukking "Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie" te vervang.

**Wysiging van artikel 8B van Wet 89 van 1970, soos ingevoeg deur artikel 1 van Wet 73 van 1979**

**3.** Artikel 8B van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (1) deur die volgende subartikel te vervang:

"(1) Wanneer die Minister dit **[vir die veiligheid van die Republiek]** in die openbare belang nodig of dienstig ag, kan hy by kennisgewing in die *Staatskoerant*, of by skriftelike kennisgewing aan 'n bepaalde persoon of bepaalde persone, die openbaarmaking van inligting met betrekking tot enige goedere of diens, of van enige verklaring, kommentaar of gerug wat daarop bereken is om regstreeks of onregstreeks sodanige inligting oor te dra, verbied."; en

*(b)* deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Indien 'n Suid-Afrikaanse burger of 'n persoon wat in die Republiek gedomisilieerd is 'n verbod bedoel in subartikel (1) buite die Republiek

*Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998*



**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

**[ ]** Words in bold type in square brackets indicate omissions from existing enactments.

__________ Words underlined with solid line indicate insertions in existing enactments.

# ACT

**To amend the National Supplies Procurement Act, 1970, so as to alter the designations of the responsible Minister and Director-General; and to make further provision in connection with the power of the Minister to prohibit the disclosure of certain information; and to provide for matters connected therewith.**

*(Afrikaans text signed by the State President.)*
*(Assented to 21 March 1988.)*

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Amendment of section 1 of Act 89 of 1970, as amended by section 1 of Act 89 of 1974 and section 1 of Act 31 of 1982**

**1.** Section 1 of the National Supplies Procurement Act, 1970 (hereinafter referred to as the principal Act), is hereby amended by the substitution for the definition of "Minister" of the following definition:

"'Minister' means the Minister of **[Industries, Commerce and Tourism]** Economic Affairs and Technology;".

**Amendment of section 1A of Act 89 of 1970, as inserted by section 2 of Act 31 of 1982**

**2.** Section 1A of the principal Act is hereby amended by the substitution for the expression "Minister of Industries, Commerce and Tourism" wherever it occurs of the expression "Minister of Economic Affairs and Technology".

**Amendment of section 8B of Act 89 of 1970, as inserted by section 1 of Act 73 of 1979**

**3.** Section 8B of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution for subsection (1) of the following subsection:

"(1) Whenever the Minister deems it necessary or expedient **[for the security of the Republic]** in the public interest, he may by notice in the *Gazette*, or by written notice to a particular person or particular persons, prohibit the disclosure of any information in relation to any goods or service, or of any statement, comment or rumour calculated directly or indirectly to convey such information."; and

*(b)* by the addition of the following subsection:

"(3) If a South African citizen or a person domiciled in the Republic has contravened a prohibition referred to in subsection (1) outside the Republic

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



oortree het, word daar geag dat hy die verbod oortree het op die plek in die Republiek waar hy voor die hof gebring word.".

**Wysiging van artikel 12 van Wet 89 van 1970, soos gewysig deur artikel 19 van Wet 63 van 1973 en artikel 3 van Wet 31 van 1982**

**4.** Artikel 12 van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (2) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Die Direkteur-generaal: **[Nywerheidswese]** Handel en **[Toerisme]** Nywerheid is, behoudens die bepalings van hierdie Wet, verantwoordelik vir die administrasie van die fonds en in die besonder vir—".

**Wysiging van artikel 18 van Wet 89 van 1970, soos vervang deur artikel 5 van Wet 31 van 1982**

**5.** Artikel 18 van die Hoofwet word hierby gewysig deur paragraaf *(b)* van subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(b)* Die Minister van **[Nywerheidswese, Handel en Toerisme]** Ekonomiese Sake en Tegnologie kragtens die Wet op In- en Uitvoerbeheer, 1963 (Wet No. 45 van 1963);".

**Kort titel**

**6.** Hierdie Wet heet die Wysigingswet op die Verkryging van Landsvoorrade, 1988.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998



it shall be deemed that he has contravened the prohibition at the place in the Republic where he is brought before the court.".

**Amendment of section 12 of Act 89 of 1970, as amended by section 19 of Act 63 of 1973 and section 3 of Act 31 of 1982**

**4.** Section 12 of the principal Act is hereby amended by the substitution in subsection (2) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"The Director-General: **[Industries, Commerce and Tourism]** Trade and Industry, shall, subject to the provisions of this Act, be responsible for the administration of the fund and in particular for—".

**Amendment of section 18 of Act 89 of 1970, as substituted by section 5 of Act 31 of 1982**

**5.** Section 18 of the principal Act is hereby amended by the substitution for paragraph *(b)* of subsection (1) of the following paragraph:

"*(b)* the Minister of **[Industries, Commerce and Tourism]** Economic Affairs and Technology under the Import and Export Control Act, 1963 (Act No. 45 of 1963);".

**Short title**

**6.** This Act shall be called the National Supplies Procurement Amendment Act, 1988.

Reproduced by Sabinet Online in terms of Government Printer's Copyright Authority No. 10505 dated 02 February 1998

GEDRUK DEUR KAAP & TRANSVAAL DRUKKERS (EDMS) BPK, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—BB4936/13300
PRINTED BY CAPE & TRANSVAAL PRINTERS (PTY) LTD, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL (012) 323-9731 X267—BB4936/13300